

Om mense deur Jesus se oë te sien



Sabbatmiddag

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

Mark. 8:22-26; Joh. 4:3-34 en hfst. 1:40, 41; Mark. 12:28-34; Luk. 23:39-43; Hand. 8:26-38.

Geheeteks:

“Hy sê toe vir hulle: ‘Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak’” (*Matt. 4:19, NAB*).

Jesus is die bobaas-sielewenner. Deur te let op die wyse wat Hy met mense gewerk het, leer 'n mens om ander tot die kennis van verlossing deur Jesus Christus te bring. Deur saam met Hom op reis te gaan – deur die besige strate van Jerusalem, deur die stowwerige paaie van Judea, en oor die groen heuwelhange van Galilea – ontdek 'n mens hoe Hy die beginsels van die koninkryk aan honger siele geopenbaar het.

Jesus het elke mens as winbaar vir die koninkryk gesien. Elkeen is met goddelike medelye beskou. Hy het nie vir Petrus as 'n growwe, luidrugtige visserman gesien nie, maar as 'n kragtige evangelis. Vir Hom was Jakobus en Johannes nie heethoofde en vurige radikale nie, maar entoesiastiese verkondigers van sy genade. In Maria Magdalena, die Samaritaanse vrou en die vrou wat aan bloedvloeiing gely het, het Hy 'n diepe begeerte na ware liefde raakgesien. Vir Tomas het Jesus nie net as 'n siniese ongelowige beskou nie, maar as iemand met geldige vrae. Jood of nie-Jood, manlik of vroulik, 'n dief aan die kruis, 'n hoofman oor honderd of 'n waansinnige duiwelsbesetene – Jesus het elkeen se Godgegewe potensiaal raakgesien. Deur verlossingslense het Hy hulle beskou.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 18 Julie*

Die tweede aanraking

In die hele Skrif is daar slegs ’n enkele wonderwerk wat Jesus in twee dele verrig het: die genesing van die blinde man van Betsaida. Hier is heelwat stof tot nadenke vir die moderne kerk van God. Die wonderwerk toon dat dit God se bedoeling is dat elke gelowige ander na Christus moet bring. Die Skrif sê: “En Hy het in Betsáida gekom, en hulle het ’n blinde man na Hom gebring en Hom gesmeek om hom aan te raak” (*Mark. 8:22, OAB*). Die twee sleutelwoorde hier is “gebring” en “gesmeek.” Die blinde man het nie op eie stoom gekom nie. Sy vriende het besef dat hy in nood verkeer, en het hom toe na Jesus gebring. Moontlik was die blinde man se eie geloof maar klein. Sy vriende daarenteen het vas geglo dat Jesus hul vriend kon genees.

Ongeveer 25 van die wonderwerke wat Jesus in die Nuwe Testament verrig het, was spesifiek met die doel om te genees. In meer as die helfte was dit ’n vriend of familielid wat die siek persoon na Jesus gebring het. So is dit ook met die evangelie: die meeste mense sal nooit self na Jesus kom nie, tensy iemand wat wel glo hulle na Jesus bring. As gelowiges word ons geroep om “bekendstellers” te wees, deur mense na Jesus te bring.

Die tweede woordjie in Markus 8:22 waarop ons behoort te let, is gesmeek. Dit beteken om “nederig, ootmoedig of biddend te vra” of om “dringend te versoek” (*Verklarende Afrikaanse Woordeboek, Labuschagne & Eksteen, 2010*). Dit impliseer ’n sagter, meer beleefde manier van vra; in plaas daarvan om op ’n growwe wyse op iets aan te dring of bevele uit te blaf. Die blinde man se vriende vra dus mooi dat Jesus hom genees, met die vaste geloof dat Jesus beide die begeerte gehad het en by magte was om dit te doen. Soos ons reeds gesien het: selfs al het die blinde nie self geglo dat Jesus hom kon genees nie, het sy vriende wel. Soms moet ’n mens, op die vlerke van jou eie geloof, ander na Jesus dra.

Lees Markus 8:22-26. Waarom dink jy het Hy die blinde man in twee fases genees? Watter lesse leer ons as getuies vir Jesus uit hierdie verhaal?

Die blinde man kon, in ’n letterlike sin, eers nie die mense behoorlik sien nie. Kan dit wees dat ons ook, figuurlik gesproke, nie ander mense mooi raaksien nie? Dit is asof ons ook somtyds die mense soos “bome sien rondloop” – gedaantes uit fokus – in plaas van kandidate vir die koninkryk van God? Waarom is dit so dat ’n mens soms “fokus verloor” en ander mense oor die hoof kyk?

Benewens die voor-die-handliggende les – hoedat God ons gebruik om na ander uit te reik – is daar ook ’n ander les uit hierdie verhaal te leer. Dink daaroor na. Wat leer ’n mens, byvoorbeeld, oor die kombinerings van die mediese en geestelike aspekte in ’n mens se persoonlike bediening onder ongereddes?

'n Les oor aanvaarding

Jesus het aan sy dissipels 'n bepaalde voorbeeld gestel, oor hoe 'n mens elkeen wat jy teëkom vanuit 'n nuwe perspektief behoort te beskou. Nou kon hulle hul medemens deur sy oë en deur die oë van die Vader sien. Jesus se sienswyse was radikaal anders. Hy het mense nie gesien vir wat hulle was nie, maar wat hulle kon wees. In al sy interaksies met mense het Hy hulle met waardigheid en respek gehanteer. Hy het dikwels sy dissipels onkant gevang met die wyse waarop Hy ander behandel het. Dit is veral te siene in sy interaksie met die Samaritaanse vrou.

Die Archaeological Study Bible maak die volgende interessante opmerking oor die verhouding tussen die Jode en die Samaritane: “Die onenigheid tussen die Samaritane en die Judeërs het sy oorsprong in die verre verlede. Volgens 2 Konings 17 was die Samaritane afstammeling van die [destydse] Mesopotamiërs, invallers wat deur die koning van die Assiriërs in die noorde van Israel gevestig is, kort na die ballingskap van 722 v.C. Hulle het die aanbidding van Jahwe met afgodspraktyke vermeng” (die *Archaeological Study Bible*, Zondervan Publishing, 2005, bl. 1727). Benewens dié afgodspraktyke het hulle boonop met Israel probeer meeding – met 'n eie priestersorde en 'n eie hoogliggende tempel (hulle s'n was op Gerisim). Inaggenome sulke teologiese verskille [en geskille!] tussen die Jode en die Samaritane, kon die dissipels waarskynlik nie hul ore glo toe Jesus sê dat Hy die Samaria-roete tot by Galilea wou volg nie. Daar aangekom, wou Hy op die koop toe nie oor leerstelling debatteer nie. Nee, Jesus fokus direk op die Samaritaanse vrou en haar verlange na liefde, aanvaarding en vergifnis.

Lees Johannes 4:3-34. Hoe het Jesus die Samaritaanse vrou benader? Wat was die vrou se reaksie op Christus se woorde aan haar? Hoe het die dissipels op hierdie gesprek gereageer, en hoe het Jesus hul denkwyse verruim?

Die ewige les wat Jesus graag aan sy dissipels wou oordra, en vandag steeds aan ons wil oordra, is: “Elkeen wat die Gees van Christus het, sal elke [lieuwe] mens met die medelye van God beskou” (Ellen G. White, *The Signs of the Times*, 20 Junie 1892).

Op wie is jy geneig om neer te sien of vir wie is jy geneig om minder respek te hê, vanweë die invloed van jou kultuur of die samelewing as 'n geheel? Waarom moet 'n mens jou gesindheid teenoor diesulkes verander, en hoe kan 'n mens daardie verandering teweegbring?

Begin waar jy jou bevind

Iemand het eenmaal tereg gesê: “Waar jy jou bevind – dit is die enigste plek om te begin in dié ou lewe, en daar is werklik geen ander nie.” Jesus beklemtoon hierdie beginsels in Handeling 1:8 waar Hy sê: “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld” (NAB).

Jesus se boodskap aan sy dissipels is so duidelik, ’n mens kan dit nie verkeerd verstaan nie: begin waar jy jou bevind. Getuig waar God jou geplaas het. Moenie staan en dagdroom oor beter geleenthede vir sielredding nie. Nee, begin by die mense om jou. Bekyk die lewe deur God se oë, en sien al die geleenthede reg voor jou raak! Jy hoef nie die mees geleerde of die mees welsprekende of die mees begaafde persoon op aarde te wees nie. Hoewel hierdie gawes soms nuttig kan wees – as dit natuurlik reg ingespan word – het ’n mens eintlik net twee dinge nodig: jou liefde vir God en jou liefde vir mense. As jy bereid is om te getuig, sal God die paadjie vir jou gelykmaak.

Lees die volgende gedeeltes in Johannes – hfst. 1:40 en 41, asook hfst. 6:5-11 en 12:20-26. Wat leer ’n mens uit hierdie skrifgedeeltes oor Andreas se geestelike insig én sy benadering tot getuienis?

Die moderne gelowige kan vele lesse uit Andreas se getuienis-ervarings put. Sy getuienis begin by sy ouerhuis, by sy broer Simon Petrus. Later sien ’n mens hoe Andreas ’n gesprek aanknoop met ’n jong seun, wat vir hom die broodjies en vissies gee waarmee Jesus uiteindelik ’n wonderwerk doen. By ’n ander geleentheid weet Andreas net mooi hoe om ’n klompie Griekse Jode te benader. Hy redekawel nie met hulle oor leerstellings nie. Nee, hy sien hul behoefte raak en reël dat hulle die Meester ontmoet.

Om doeltreffend siele vir Christus te wen, is ’n kuns – die kuns om positiewe omgebande met ander te smee. Let op die persone naaste aan jou wat nie vir Jesus ken nie. Sien hulle jou as iemand wat medelye vir ander het, wat vir hulle omgee? Bespeur hulle innerlike vrede by jou, ’n hoër doel waarna hulle ook smag? Is jou lewe ’n advertensie vir die evangelie? Onthou net: ons bevriend mense vir die Here, deur Jesus aan hulle bekend te stel. So word hulle ons Christenvriende. Namate ons God se eindtydbodskap en al daardie bybelwaarhede met hulle deel, word hulle soms ook Sewendedag-Adventiste.

Waarom is dit soms so moeilik om gesins- of familieleden na Christus te lei? Hoeveel sukses het jy al met jou getuienis aan gesinslede of met jou getuienis binne jou vriendekring behaal? Deel enige nuttige wenke en beginsels met die klas.

Hoe om moeilike mense te hanteer

Jesus was ongelooflik bedrewe in die hantering van moeilike mense. In beide woord en daad het Hy sy aanvaarding van sy medemens getoon. Met die grootste simpatie het Hy hul bekommernisse aangehoor, vrae aan hulle gestel, en uiteindelik hemelse waarhede aan hulle bekend gemaak. Jesus kon deur die harde mense sien. Hul hartsverlange. In die grofste sondaars het Hy potensiaal bespeur. Vir Jesus was niemand te vër heen vir die evangelie nie. Jesus het dit duidelik geglo, soos Ellen G. White dit ook besonder netjies beskryf: “Geeneen is so in sonde vasgevang of so sleg dat hulle nie bevryding in Christus kan vind nie” (*The Desire of Ages*, bl. 258). Jesus het mense in ’n ander lig beskou as die res van sy tydgenote. In elkeen het Hy die eertydse glorie – die skeppingsvolmaaktheid – van die mens gesien. Jesus het hul aandag op hoër dinge gevestig, op die feit dat hulle wel kan verander. So het baie mense dan hoër gemik en voldoen aan die edel strewe wat die Meester vir elkeen van sy kinders begeer.

Lees Matteus 4:18 en 19, Markus 12:28-34 en Lukas 23:39-43. Watter ooreenkomste bespeur ’n mens in die beroepe wat Christus onderskeidelik op Petrus, Johannes, ’n nuuskierige skrifgeleerde, en die dief aan die kruis gedoen het? Bekyk telkens hoe Christus elkeen benader het. Wat is besonder opvallend?

Waar Jesus ook al gegaan het, het Hy elke situasie as ’n koninkryk-geleentheid beskou. By mense waarin daar oënskynlik geen saadjie vir die koninkryk te plante was nie, het Jesus potensiaal gesien – hier is iemand vir die koninkryk! Kom ons omskryf hierdie verskynsel só: Jesus het met “gemeentebou-oë” na ander gekyk. Gemeentebou-oë is ’n aangeleerde aanvoeling vir mense, om mense te sien soos Jesus hulle sien: as winbaar vir die koninkryk van God. Dit beteken ook dat ’n mens met “gemeentebou-ore” na ander moet luister – m.a.w. dat jy “die ore van jou hart” vir die ongesproke behoeftes van die mense om jou moet spits, dat jy moet “hoor” wat hulle begeer nog voor hulle daardie behoefte beseft of dit kan verwoord.

Bid dat God jou gevoelig vir die influistering van die Gees in ander se lewens sal maak. Bid ook dat Hy jou, net soos die blinde man, die tweede maal sal aanraak sodat jy die evangelisasie-geleenthede sal raaksien wat Hy daaglik oor jou pad bring. Bid dat God jou geestelike sig sal herstel, jou geestelike ore sal gee wat hoor, ’n geestelike hart wat ander verstaan, en ’n gewilligheid om die Christus wat jy ken en liefhet met ander te deel. Met hierdie dinge is jy sommer in ’n japtrap op die reis van ’n leeftyd. Skielik het die lewe ’n splinternuwe betekenis. Vir die eerste maal beleef jy ’n diepe tevredenheid en vreugde. Slegs diegene wat by sielredding betrokke is, beleef die bevrediging wat hierdie taak bring.

Moenie wik, want God beskik

Handelinge is propvol verhale van hoe die dissipels Godgegewe geleenthede ter bevordering van die koninkryk benut het. Dit is die een fassinerende verhaal op die ander van hoe die vroeë Christelike kerk gegroei het, en dit ten spyte van die uitdagings waarmee dit beide van binne en van buite te kampe gehad het.

In 2 Korintiërs 2:12-13 lees 'n mens, byvoorbeeld, van Paulus se wedervaringe in Troas: “Toe ek in Troas gekom het om die evangelie van Christus daar te verkondig, het die Here die deure vir my wyd oopgemaak. Tog het ek nie gemoedsrus gehad nie, omdat ek my broer Titus nie daar gekry het nie. Daarom het ek van die mense daar afskeid geneem en Masedonië toe vertrek” (NAB). Die Here het Paulus 'n kans gegun om die evangelie op die Europese vasteland te verkondig. Paulus het dit inderdaad ook aangegryp, wetende dat die deur wat God vandag open, dalk môre weer toe kan wees. Die apostel sien al die moontlikhede van hierdie geopende deur en vertrek derhalwe onmiddellik na Masedonië. Die God van die Nuwe Testament is die God van oop deure – die Een wat dit so beskik dat ons die geleentheid kry om ons geloof met ander te deel. Regdeur Handelinge bespeur 'n mens die hand van God in sy kinders se evangelisasiepogings. Deure het oopgegaan in lande, in streke, in stede, en bowenal in menseharte.

Lees Handeling 8:26-38. Wat leer ons uit hierdie verse oor Filippus se gewilligheid om te volg waar die Here lei, en oor die feit dat hy altyd gereed was om Godgegewe geleenthede te benut?

“'n Engel het Filippus na die soeker gelei, na die een op soek na insig, na die een wat gereed was om die evangelie te hoor. Dit gebeur vandag steeds. Engele rig die skrede van elke evangeliewerker wat toelaat dat die Gees 'n heiligmakende uitwerking op hul manier van praat het, wat toelaat dat Hy hul optrede verfyn en hul harte veredel. Die engel wat na Filippus gestuur is, kon self die Etiopiër op die regte spoor gebring het, maar dit is nie hoe God te werk gaan nie. Hy het dit so beskik dat die mens hom [of haar] vir sy medemens moet beywer” (Ellen G. White, *The Acts of the Apostles*, bl. 109). As ons inderdaad ore het om te hoor en oë het om te sien, sal ons ook deur onsienlike engele tot by die soekers gelei word, sodat ons diesulkes wat na die waarheid smag met die koninkrykwaarhede kan bereik.

Let op die kernrol wat die Skrif in hierdie verhaal speel. Wat meer is, net mooi op die regte oomblik verskyn iemand op die toneel wat die Bybel ken en dit dus kan uitlê. Watter lesse kan ons hieruit leer?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White se “*The Gospel in Samaria*” (op bl. 103-111 in *The Acts of the Apostles*). Oral om ons heen soek mense na ewige dinge. Jesus beskryf hierdie toedrag van sake besonder netjies: “Die oes is wel groot, maar die arbeiders min” (Matt. 9:37, OAB). Tog lê die fout nie by die oes nie. Gesalf deur die Heilige Gees kyk Jesus met geestelike oë, en sien ’n oervloedige oes waar die dissipels net teëstand sien. Wat was Christus se oplossing vir dié uitdaging? “Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur” (Matt. 9:38, OAB). Gebed is die oplossing. Bid en vra dat God julle na die oesland sal stuur. Hier is ’n gebed wat elke gelowige kan bid: “O Heer, ek vra dat U my ter wille van u koninkryk sal uitstuur. Open my oë sodat ek die geleenthede wat U my daaglik skenk – al die oop deure – kan sien. Leer my hoe om ’n aanvoeling vir die innerlike behoeftes van die mense om my te hê. Help my om woorde van bemoediging en hoop te spreek, en om u liefde en waarheid oor te dra aan dié met wie ek elke dag in aanraking kom.” Bid hierdie gebed en kyk hoe die Here ’n paar buitengewone dinge deur jou vermag.

Vrae vir bespreking:

1. As jy al by persoonlike bediening betrokke was, weet jy seker dat dit nie altyd so maklik is nie of hoe? Hoewel dit inderdaad slegs die Here is wat mense tot inkeer bring, het Hy nietemin in sy grote wysheid besluit om ons deel van daardie proses te maak. Sels al werk ’n mens net met een persoon, verg dit tyd, moeite, geduld en die soort liefde wat slegs van Bo kom. Watter tipe keuses kan jy maak, sodat jy daaglik die soort onttroning van die eie-ek beleef ten einde ’n doeltreffende getuienis vir Christus te wees?
2. Met wie kom jy daaglik in aanraking wat nie die Here ken nie? Wat het jy al gedoen of doen jy op die oomblik, of behoort jy te doen, om aan hulle vir Christus te getuig?
3. Dink ’n bietjie aan Saulus voor hy Paulus geword het. Daar is nou vir jou iemand wat nie in die minste na koninkryk materiaal gelyk het nie! Tog weet ons almal wat met hom gebeur het. Wat leer ’n mens hieruit oor die gevare van haastig oordeel, en dit op grond van ’n persoon se voorkoms of sy/haar onbekeerde manier van dink?
4. Ten spyte van Saulus se verhaal het ’n mens die onderwysing in Matteus 7 vers 6: “Moenie wat heilig is, aan die honde gee nie; en gooi julle pèrels nie voor die varke nie, sodat hulle dit nie miskien met hulle pote vertrap en omdraai en julle verskeur nie” (OAB). Hoe nou gemaak?